# Kokoriba – 19-21 Mei 2023

Soos die gewoonte nou maar is by Rietvallei, was daar weereens groot opgewondenheid oor die nuwe woonwapark wat ons gaan besoek vir die Mei 2023 kamp.

Kokoriba was reg vir ons, en natuurlik was ons baie reg vir Kokoriba.

Donderdag slaan heelwat van die 15 kampeerders reeds op en begin so aan 'n heerlike naweek beplan.

Vrydag laatmiddag daag ons laaste naweekgaste op, en so skop ons dan nou 'n wonderlike naweek af.  Met 13 lede en twee besoekende families, raak dit die bes bygewoonde naweek vir 2023.

Die aand doen Pieter vir ons 'n boekevat en na die boekevat, word smul lekker hoender burgers en skyfies bedien vir aand ete.

Beginstadium van die Hoenderburgers



Chef Dirk en Pieter



Almal is so gesellig dat dit sommer net daar en dan opgeëet word, en raak die groep sommer so impromptu aan die gesels. Kampvuur word aangesteek, om die effe koue weg te hou, en met die gesellige atmosfeer los ons sommer gou-gou 'n paar landsprobleme op.



Die Saterdagoggend aktiwiteit word aangebied deur Frans. 'n Redelike klompie van ons begin Frans volg op 'n staproete wat mooi uitgelê is, en sommer fluks doen ons so tussen 3.5 en 5 km onderskeidelik.





Mooi diere oppad, pragtige natuurskoon en sommer potblou lug begroet die stappers wat deel uitgemaak het van die groep. Dankie Frans, jy hou ons jonk met jou wedywerrige stappie.



Vir die res van die Saterdag oggend word sommer lui lekker rondgesit, gehekel, gebrei, stories vertel en bowenal gerus.

Frans kry weer groepie reg en vat die pad om die metabolisme so bietjie aan die gang te sit. Ek verneem vertroulik dat daardie oefening die rede was dat die terug stap kamp toe heelwat vinniger was as die wegstap die veld in.



So laat middag is dit tyd vir ons saambraai en die manne help braaiers aandra, maak hout bymekaar en slaan tafels op, want ons beterhelftes het mos almal 'n heerlike slaai of groentegereg voorberei.

Vure is aangesteek en dit woel en werskaf om almal se tjoppie gaar te kry. Soos die vleis klaar gebraai word, word sommer heerlik gesmul aan die groot verskeidenheid slaaie en warm groetegeregte wat voorgesit word.














En net so tjoef-tjaf is die naweek al weer by Sondag.

Die gereelde boekevat word dan ook deur Frans voorgehou, wat oorgeneem het by Magdaleen na die heengaan van Oom Mynhardt. Frans begin dan ook met medelye namens Rietvallei vir Magdaleen en haar familie. Die boodskap self is besonders soos altyd en tref die harte van almal teenwoordig.



Na afloop van die diens is dit Pieter se afsluiting en daarmee saam ook die verwelkoming van die gaste asook uitdeel van die nodige plaatjies.

<u>Gaste:</u>
Theo en Gerda du Pessis
Ronnie, Nellie en Rialandie Stanton





Dirk en Marlene en Pieter en Magdaleen was die hardwerkende kampkoördineerders vir die naweek.





Almal kuier heerlik saam met soet en sout bordjies, koffie en tee asook so hier en daar 'n ander tipe lemonadetjie.

Die kamp eindig so 11:30 en almal begin so slenter-slenter opslaan. Natuurlik is daar 'n paar bevoorregtes wat eers die volgende dag terug reis.



Veilig sleep, tot weersiens.




__Geluk gaan nie oor als wat jy wil hê nie, maar eerder om dit te geniet, wat jy reeds het.__